UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

spesiale uitgawe

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 17: spesiale uitgawe • 5-10-2009 • YEAR 17: special edition MONTHLY STAFF NEWSLETTER

# Hoop uit woede, gegriefdheid en vrees

## Konferensie konfronteer spoke

Dié spesiale uitgawe van *Kampusnuus* word gewy aan 'n simposium oor Sosiale Samehorigheid, aangebied deur die Universiteit Stellenbosch en Stellenbosse Munisipaliteit – as deel van die US se Erfenisdagviering in September. Ná die Uitvoerende Burgemeester, raadsheer Patrick Swartz, se verwelkoming was dr Mamphela Ramphele die hoofspreker. Vader Michael Lapsley en prof Russel Botman het die ander referate gelewer.



Vader Michael Lapsley, dr Mamphela Ramphele, raadsheer Patrick Swartz en prof Russel Botman by die konferensie oor Sosiale Samehorigheid. Dit is in die Endlersaal aangebied as deel van die Universiteit se Erfenisdagviering.

## Konferensie 'n belangrike mylpaal vir Stellenbosch

In sy verwelkoming het die Uitvoerende Burgemeester, raadsheer Patrick Swartz, die konferensie beskryf as 'n uiters belangrike mylpaal in Stellenbosch se geskiedenis, en in die verhouding tussen Munisipaliteit en Universiteit – wat hulleself deur 'n gesamentlike ooreenkoms verbind het tot 'n nuwe toekomspad "vir 'n dorp met 'n koloniale én 'n apartheidsverlede."

Dié verbintenis is vasgelê in 'n verstandhoudingsooreenkoms gemik op *Herontwerp Stellenbosch* – die skep van 'n bevorderlike omgewing met ruimte vir "almal in Stellenbosch om saam oplossings te kry vir die gemeenskaplike uitdagings wat ons nou konfronteer."

Een uitdaging wat deur dié konferensie aangespreek is, is: "Wat behoort ons in Stellenbosch bymekaar te hou? En is dit vir ons as inwoners van dié dorp moontlik om vir 'n gesamentlike saak te verenig," het raadsheer Swartz gesê.

"Ons onlangse verlede het ons baie lesse geleer en my begeerte is dat, terwyl ons aanbeweeg, daar na dié kwessies gekyk word op 'n wyse wat eenheid, waarheid en geregtigheid aanspreek. As mede-aanbieder van dié konferensie inisieer die Munisipaliteit, saam met ander belanghebbendes, besprekings met inwoners van dié dorp oor watter soort Stellenbosch ons graag vir toekomstige geslagte wil sien verrys."

Stellenbosch staar betekenisvolle uitdagings in die gesig, het hy gesê. "Binne 'n volhoubare raamwerk moet ons enersyds agterstande in behuising en infrastruktuur aanspreek, terwyl ons aanhou om 'n ontwikkelings-munisipaliteit te wees sover dit die verbetering van die meerderheid van ons inwoners se lewensgehalte betref."

## Ons kan 'n model vir Afrika wees

Ek wil praat oor ons spoke en die behoefte om hulle ter ruste te lê as 'n noodsaaklike stap vir ons om te word wat ons regtig wil word – 'n vooruitstrewende demokrasie wat die beste vier wat dit kan bied.

Ter inleiding 'n bietjie oor ons provinsie, want dis enersyds die mees begaafde provinsie maar andersyds die een met die meeste spoke. En ek wil praat van dié wat nie net in ons provinsie nie maar ook in ons land spook, en hoe dié spoke letterlik by die transformasieproses spook. Ek sal eindig met 'n kollig op hoe ons werklik hoop vir ons toekoms kan opwek deur oor ons onuitgesproke woede, gegriefdheid en vrese te praat.

Wat bedoel ek as ek sê die Wes-Kaap is die mees begaafde provinsie maar ook die een met die meeste spoke? In 'n sekere opsig is dit só omdat ons die eerste plek is waar daar werklik formele nedersettings in ons moderne geskiedenis gevestig is, en ons verteenwoordig die beste wat geografie aan 'n land kan bied. Ek bedoel, hoeveel lande het twee oseane, 'n beroemde kus, en die pragtige topografie wat hier te sien is?

Elke deel van ons provinsie toon die afwisseling wat 'n skouspelagtige landskap en wonderlike moontlikhede bied – omdat ons so on-Afrika is, veral omdat ons 'n Mediterreense klimaat het. Ek bedoel, waar anders in Afrika is daar 'n Mediterreense klimaat, behalwe in die lande om die Middellandse See?

Daar is dus iets werklik unieks omtrent ons, en dié uniekheid bied ons die vermoë om ongelooflike wyne, vrugte en allerhande lekkernye te produseer. Maar dié diversiteit waarmee ons hier geseën is, maak ons ook 'n eg kosmopolitiese streek van Suid-Afrika. Baie streke het 'n oorheersende dít of dát. Hier is daar nie 'n enkele dominante groep nie. Ons is almal hier. Ons verteenwoordig al ons voorouers wat uit die Ooste kom, uit Europa, uit die werklik inheemse mense van dié land wat hier was nog lank voor sommige van ons voorouers hierheen getrek het, soos myne wat langs die Nigeriese kus deur Botswana tot hier gekom het.

Dit is dus 'n baie besonderse plek, en dis ook nie 'n verrassing dat ons die sterkste innovasieplatform het nie. Dink net aan die universiteite hier – hierdie Universiteit veral, en natuurlik die susteruniversiteite in die streek. Ons het dus 'n provinsie wat werklik uniek is en wat die moeite werd is om te vier en die moeite werd is om te ontwikkel tot 'n provinsie wat werklik leiding neem.

Maar dikwels het die mooiste huise en plekke ook die meeste spoke. Dink net daaraan – 'n tydjie terug was daar in die media sprake dat dit by die Premier se huis spook. Dit is 'n pragtige stuk eiendom, maar spoke gee nie om nie. Hulle hou nogal van mooi plekke want dit beteken dat hulle in daardie skoonheid onklaar sake het wat hulle wil afhandel.

Ons s'n is dus die provinsie waar daar die meeste gespook word omdat dit die oudste gevestigde provinsie in ons moderne geskiedenis is. Die konflikte tussen die verskillende mense was híér. Hier is slawerny beoefen, en het dit vir ons groot, onopgeloste identiteitskwessies en -krisisse gelos.

Dié provinsie se spoke, én ons land s'n, kom voorspelbaar voor op Suid-Afrika se verskuiwingslyne. Die kwessie van ras: Dís nie net swart en wit in die beleidsomgewing waarin ons woon nie – dis ook *hoe* swart jy is. Ons het dus nóg 'n probleem in die Wes-Kaap omdat dit die een provinsie is waar mense wat soos ek lyk, in die meerderheid is nie, en ons kon dit nog nie aanvaar nie. Ons moet erken dat die meerderheid mense hier uit die geskiedenis van dié plek kom, wat 'n geskiedenis van vermenging is, en in plaas daarvan om dit te beveg, moet ons dit vier.

> "Ons moet erken dat die meerderheid mense hier uit die geskiedenis van dié plek kom, wat 'n geskiedenis van vermenging is, en in plaas daarvan om dit te beveg, moet ons dit vier."

Ons het ook verskuiwingslyne rakende die klassekwessie. Weens die verlede se nalatenskap is daar sommige mense wat het en ander wat nie het nie, en dié verdelings word nie beter nie, eerder erger. Ongelukkig is dit deels omdat dié wat het meer en meer kry, maar Russell [prof Botman] as 'n kerkman, 'n teoloog, sal dít beter kan verduidelik – hoe selfs van dié wat baie min het, die baie min weggeneem word.

Kwessies van gender is nóg 'n groot

(blaai om)



Dr Mamphela Ramphele, gewese besturende direkteur van mense-ontwikkeling by die Wêreldbank in Washington, het as medikus gekwalifiseer, 'n doktorsgraad in sosiale antropologie behaal en was (by die Universiteit Kaapstad) Suid-Afrika se eerste vroulike universiteitshoof. Sy is 'n boorling van die huidige Limpopo-provinsie, waar sy haar mediese opheffingswerk in die 1970's moes voortsit nadat sy weens politieke bedrywighede uit die Ooskaap verban is. Dr Ramphele is die skrywer van verskeie boeke en 'n direksielid van topmaatskappye. Die US en ander universiteite het eredoktorsgrade aan haar verleen. "Suid-Afrika vertoon ten beste as ons onsself tyd gun om te praat oor ons verwagtinge, ons vrese, en ons begeertes vir ons land," het sy by die Stellenbosse Konferensie oor Sosiale Samehorigheid gesê. "Ek kan nie dink aan 'n beter manier hoe Russel [prof Botman] die voetpoor van sy leierskap van dié groot instansie kan vestig as om te doen wat ons vandag doen nie."

Redakteur: Hans Oosthuizen; Admin B, tel: (021) 808 3724, faks: (021) 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za • http://www.sun.ac.za/kampusnuus • Bladontwerp: Heloïse Davis • Konferensiefoto's: Anton Jordaan • Drukwerk: Shumani Printers

# Vier ons geskiedenis van vermenging



Dr Mamphela Ramphele en prof Russel Botman

*(van bladsy 1)*

probleem in Suid-Afrika omdat hulle so algemeen in alle kulture is. Of jy nou kyk na inheemse kulture, of die Hollandse kultuur, of die Franse of Engelse – jy kan kyk na al die subgroeperinge van Suid-Afrika en dit is 'n groot probleem. Daar word aangeneem dat leierskap manlik is en dat vroue, wel, jy weet, dat hulle 'n paar interessante goed kan doen, maar om die waarheid te sê kan hulle nie ernstig opgeneem word nie. Praat ons van leiers, praat ons nie van húlle nie.

### *Taal werklik belangrik in SA*

Taal is 'n belangrike kwessie, en hier, op dié kampus, moet ek baie versigtig praat oor taal. Maar dis 'n belangrike kwessie, en nie net vir Stellenbosch nie. Dis belangrik in Suid-Afrika. Ons het baie dapper besluit op elf ampstale – maar nie die beleide en praktyke ontwikkel om werklik ons veeltalige droom uit te leef nie. En dus, by verstek, het ons 'n hoofsaaklik Engelssprekende land geword – en dis tragies. Nie omdat daar iets met Engels verkeerd is nie, maar omdat ons onsself verarm het deur ander tale nie só te ontwikkel dat dit ons dié uniekste land ter wêreld kon gemaak het nie. Het ons dié elf ampstale tot werklike, lewende tale ontwikkel, sou ons onoortreflik mededingend gewees het.

Ek merk gereeld op dat Chinese premiers en presidente op reis hul eie tale gebruik om met wêreldleiers te kommunikeer, en dis nie omdat hulle nie Engels kan praat nie – hulle kan. Ek smag na die dag dat my President in Zulu praat omdat dit sy moedertaal is. Sy uitdrukkingswyse in Zulu is pragtig, maar nou moet hy homself in dié Engelse taal indwing – wat nie sy natuurlike forté is nie, en dit is vir ons belangik.

Dikwels voel Afrikaners dat húlle die mense is wat benadeel is. Op 'n vergadering waar ek oor Suid-Afrikaanse scenario's gepraat het, het iemand gesê "wel ons Afrikaners het in 1994 alles verloor omdat selfs ons taal van ons weggeneem is." Ek sê toe vir hom: "Voel vry. Waar't jy al gehoor dat Sepedi êrens gepraat word?" Ons is hier in 'n plek [by die US] waar Afrikaans nie net gepraat word nie, maar dis 'n lewende taal.

Ons moet dus versigtig wees om nie die kwessie van taal as 'n besondere probleem van 'n besondere Suid-Afrika te beskou nie. Dis 'n nasionale probleem, en as nasie moet ons almal dit hanteer. Hanteer ons dit só, kan ons dié kwessie omswaai tot 'n groot mededingende voordeel vir Suid-Afrika.

### *Nie 'n gedeelde begrip nie*

So, hoe spook al dié kwessies by die transformasieproses? Eerstens is daar nie werklik 'n gedeelde begrip van wat transformasie is nie. Vir sommige beteken dit eenvoudig die regstelling van wat in die verlede verkeerd was. Ons moet die teenoorgestelde doen om dit getransformeer te kan noem, en dit is 'n groot probleem want wat in die verlede gebeur het, was grootliks verkeerd omdat dit toegespits was op die bevoordeling van een groep ten koste van 'n ander.

Ons kan dit nie bloot omkeer en dan weer 'n ander groep bevoordeel nie, selfs al is daardie een die meerderheidsgroep. Dis nie hoe om 'n moderne ekonomie te bedryf nie, want jy laat vaar dan beleggings wat onwetend, én onwillig, gemaak is. En is ons verbaas dat ons water nie net opraak omdat ons 'n waterarm land is nie, maar ons infrastruktuur val uitmekaar want ons het al die wit manlike siviele ingenieurs afgedank wat vir jare ons klein dorpies bestuur het. Dit is amper asof jy 'n belegging gemaak het deur aandele in 'n spesifieke maatskappy te koop, maar dan jou aandele weggooi omdat jy nie van die hoof van die maatskappy hou nie. Wat is die sin daarvan? Maar dit is wat ons gedoen het.

> "Om die nalatenskap van ruimtelike afsondering, van kulturele mure, insluitend taal en maniere van bestaan te oorkom, vereis ook van ons om weg te beweeg van die sekerhede waaragter ons gereeld skuil."

Ons moet dus baie versigtig dink oor hoe ons transformasie verstaan. Ek verstaan transformasie as iets wat te doen het met die struktuur van verandering sodat die geheel groter as die som van die dele word. Een van die probleme met apartheid was nie net dat dit onregverdig was nie, maar ook dat dit nie slim was nie. Dit was onnosel in soverre dit die meerderheid talente geïgnoreer het en op 10% van die bevolking gefokus het. Dit is eenvoudig dom bestuur, dom leierskap.

Ons kan nie nou alles omkeer nie; dit sal net nóg 'n dom proses wees. Ons moet dus 'n ernstige gesprek hou oor wat ons deur ernstige strukturele verandering verstaan, omdat dit is wat ons nodig het. Ons kan nie voortgaan nie. Byvoorbeeld, ons is vandag besig met hierdie gesprek, maar weens die volhardende strukturele afsondering, die geografie van apartheid, is dit vir baie mense moeilik om hierheen te kom van waar hulle ook al is omdat ons nog nie eens die probleem kon oplos van hoe om – deur lewensvatbare, goed beplande openbare vervoerstelsels – daardie afstande te oorbrug nie.

### *Transformasieproses*

Ons het dus kwessies wat aangespreek moet word, maar in dié proses moet ons nie die baba met die badwater uitgooi nie. Ek glo dat ons transformasieproses, as dit behoorlik benader word, sal lei tot 'n ernstige oorweging van ons sosiale verhoudings. Ek skrik soms as ek by my vriende kuier wat nou deftig is en swart is soos ek, maar hulle praat van "my bediende" en "my tuinjong." Ja, hulle het net ingespring in die skoene in van wat hulle in die verlede gesien het. Duur dié houdings nog voort, kan ons nie sê ons is getransformeer nie.

Dit geld ook vir kwessies oor hoe gemaklik ons is as 'n Afrikaland. Ek hoor van 'n stormloop deur die banke, 'n nuwe "scramble for Africa" en mense vertel hoe hulle 'n Afrika-kantoor wil oopmaak. Ekskuus, waar ís jy? Of mense sal sê "ek gaan Afrika toe, want jy weet dis regtig belangrik dat my kinders Afrika moet sien." Maar dis hoe ons is; ons het so in gewoontes verval dat selfs swart mense só praat.

'n Ernstige probleem van diep strukturele veranderinge en filosofiese heroriëntasie is dus nodig voordat ons 'n visie kan hê van onsself as 'n leidende Afrikaland, só toegerus dat ons nog meer verantwoordelikheid moet neem om seker te maak ons vasteland is suksesvol. Ons moet Afrika se sukses in eie reg modelleer – en nie as 'n nageaapte China, 'n nageaapte Europa nie, maar 'n land wat eg-Afrika is, toegerus soos wat ek hier gesê het.

### *Baie siniese samelewing*

Maar voordat dít kan gebeur, moet ons seker maak ons gee aandag aan die uitleef van ons Grondwet se waardes. 'n Mens skep 'n baie siniese samelewing deurdat ons 'n Grondwet het wat gevier word, maar in ons daaglikse praktyke – ons politici, ons privaatsektor, in ons eie huise, in ons instansies – hoe modelleer ons dié waardes? Ons praat oor gelykheid, ons praat oor respek. Waar is dit? En ons leierskapstyle? Kyk maar na sommige van die mense wat deel is van die nuwe elite en hoe hulle hulself as leiers gedra – dis skokkend. Dieselfde geld vir vrouens wat nuut in posisies is – sommige dra selfs strepiespakke. Wat ek bedoel, is dat ons 'n ernstige probleem het. Ons moet leierskap herbedink, ons moet onsself herbedink.

So hoe transformeer ons die verlede, en gaan dit te bowe? Ek glo ons moet met die strukturele realiteite begin van die ernstige dilemmas van die nalatenskap van menslike ontwikkelingspatrone. Hoe kan ons in ons vernaamste instansies leierskap en bestuur kry wat al ons mense se talente weerspieël as ons geskiedenis egter aan min van ons toegang tot ons talente gegee het. Ek het self die eerste keer met wiskunde kennis gemaak toe ek in matriek was. Dit het veroorsaak dat ek nie 'n wiskundige kon word nie. Ek moet dit aanvaar. In plaas daarvan om te baklei en te maak asof ek kan, is daar ander goed wat ek beter kan doen, en as ons dít kan aanvaar, kan ons vinnige pyplyne ontwikkel, vir 'n gedaanteverwisseling in terme van wie in spesifieke velde bevoeg is en wie nie. Maar ons moet aandag gee aan die sielkundige letsels. Dit sal baie, baie onwys wees om die volhardende minderwaardigheids- en meerderwaardigheidskomplekse te ignoreer.

Hoe verklaar 'n mens dat ons leiers Soweto toe gaan en dan Engels praat? Hoekom? Met wie in Soweto praat hulle Engels? Hulle sê eintlik: "Kyk na my. Ek kán." Maar die ware kwessies van hoe praat ons as leiers met burgers, as privaatsektormense met kliënte, as universiteitsleiers met studente, is om Suid-Afrikaners te help om in hul eie vel gemakliker te word, om te kan vier wie hulle is, want as hulle gelukkig is met wie hulle is, kan ons 'n ongelooflike land word.

Ons moet aandag skenk aan die meerderwaardigheidskompleks wat sê "ek is hier omdat ek slimmer is as daardie swart mense; jy weet, hulle kry dit nooit reg nie." Dis dáár! Dié gedagtes bestaan! Mense spreek hulle óf uit óf nie uit nie, maar hulle is daar, en gee ons nie aandag daaraan nie – aan die meerderwaardigheids- en minderwaardigheidskomplekse wat aanhou spook met ons transformasie – het ons regtig 'n probleem, want dit maak dit baie moeilik om sosiale samehorigheid te skep.

Ek wil kortliks praat oor die kwessies van onuitgesproke woede, gegriefdheid en vrese. Ons moet die suksesse van die Waarheids- en Versoeningskommissie vier – maar daar was een groot fout, en dit was om die kwessie van sosio-ekonomiese regte te ignoreer, wat veronderstel was om deur die heropbou- en ontwikkelingsproses aangespreek te word. Dit het nie gebeur nie. Ons sit dus met die meerderheid van Suid-Afrikaners, waarvan party in die WVK deelgeneem het, vol hoop dat dinge beter sal word, maar nou is hulle nog waar hulle was, en met sommiges gaan dit selfs slegter.

### *Sosio-ekonomiese ongelykhede*

Hoe gaan ons werklik die sosio-ekonomiese ongelykhede aanspreek wat mense verlam en hulle waardigheid ondermyn? Die eerste en belangrikste verandering wat moet gebeur, is 'n filosofiese reoriëntering. Dié idee van 'n regering wat diens lewer – dis hoe die HOP gefaal het. Jy kan nie huise aan grootmense lewer nie! Lewer dít! Lewer dát! As ons net ons houding kan verander na 'n benadering dat arm mense, al is hulle hoe arm, ervaring, talent en energie het. As jy dit gebruik, kan hulle agente word van hulle eie ontwikkeling – en as hulle dit eers doen, word hulle onoorwinlik, want dan beweeg hulle weg van passiewe agente of ontvangers te wees tot egte burgers wat aan die groei en ontwikkeling van die land deelneem.

> "Om die nalatenskap van ruimtelike afsondering, van kulturele mure, insluitend taal en maniere van bestaan te oorkom, vereis ook van ons om weg te beweeg van die sekerhede waaragter ons gereeld skuil."

Dit sal op sigself help om die kwessies van vooroordeel, van ontkennings, van vrese aan te spreek – want nou glo ek en jy nog as belastingbetalers dat ons hierdie las dra vir dié mense (en iemand het dit aan my gesê) "wat te veel teel." Natuurlik, maar kyk terug na die Afrikaners in die 1930's – hoeveel kinders het hulle per vrou gehad? Dit het niks met beskawing te doen nie, maar met sosio-ekonomiese omstandighede. Het jy al gesien dat 'n opgevoede vrou, soos ek, twaalf kinders het? Hulle het mos nie tyd daarvoor nie, of hoe sê ek?

### *Houdings moet verander*

Die probleem moet dus by sy oorsprong opgelos word. Ons moet ons houdings verander, en dit sal die bedreiging van stereotipes aanspreek, waar ons vrees om die regte ding te doen omdat ons bang is ons sal faal want dit sal bewys dat swart mense sal faal. Maar andersyds het ons 'n vrees vir verlies. Kyk maar net na die herrie op hierdie kampus weens die vrees vir verlies van beheer deur die mense wat tradisioneel in beheer van Stellenbosch was. Nou sien hulle hierdie Russell en hulle sê, "O Here, God, die Universiteit is in die moeilikheid," en dan is hulle verras, soos wat hulle meer kontak het met Russell, en hulle sien Russell is Russell en hy's nie baie anders as ons nie. Hy't dieselfde aspirasies en alles. Maar voor dít kan gebeur, het ons gesprekke nodig.

Om die nalatenskap van ruimtelike afsondering, van kulturele mure, insluitend taal en maniere van bestaan te oorkom, vereis ook van ons om weg te beweeg van die sekerhede waaragter ons gereeld skuil.

Mense sal oor die "rasse" in Suid-Afrika praat sonder om bang te wees dat hulle weerspreek word. Ek dog ons is almal opgevoed en weet daar's net een ras – die menslike ras. Maar ons is so vasgevang in ons maniere van doen dat ons aanhou om só te praat, ten spyte van ons wetenskaplike kennis. Dit is dieselfde met taal – ons hou aan om die feit van ons veeltaligheid te ignoreer en dink net in terme van watter taal oorheers.

Laat my dus op 'n noot van hoop eindig. Suid-Afrika is 'n land van onmeetbare geleenthede en moontlikhede. Ons het die wêreld verras deur te skik. Dit was nie 'n vreedsame skikking soos mense graag sê nie. Baie mense het in daardie tyd gesterf, maar ons hét ons sake agtermekaar gekry nadat ons vir lank rondgefoeter het. Ons kan dus nog steeds ons sake agtermekaar kry.

Ons grootste krag is dat ons 'n Afrikaland is wat werklik uniek is, met al die moontlikhede om 'n model te word van hoe sukses in Afrika daar kan uitsien.

# Wat gaan die komende geslagte van ons sê?



Vader Michael Lapsley, direkteur van die "Institute for Healing of Memories" in Kaapstad, het sy toespraak opgedra aan die vroue en mans van Stellenbosch wat slawe was en aan almal wat teen slawerny geveg het. Lapsley is in 1976 deur die SA regering verban en het toe die verbode ANC se kapelaan in Lusaka, Zambië, geword – waar hy uitgevind het dat hy op die SA regering se treflys was. Eers in April 1990, drie maande ná Nelson Mandela se vrylating uit die tronk, het vader Lapsley 'n briefbom deur die pos gekry, binne-in twee godsdienstydskrifte wat uit Suid-Afrika aan hom gestuur is. In die ontploffing het hy sy hande en 'n oog verloor en sy oortromme het gebars.

Ek is bevoorreg om vandag hier te mag praat, veral ná een van ons lewende voorouers, dr Mamphela Ramphele. Graag herinner ek julle aan die groot geeste onder die oudstudente van hierdie universiteit wat alles opgeoffer het in die strewe na ons gedeelde menswees – soos Braam Fischer, Beyers Naudé en Anton Lubowski.

Vroeg in Julie het ek 'n e-pos gekry wat namens prof Botman geskryf is om my te vra om vandag by dié kongres te kom praat oor, as voorgestelde tema, *Laying ghosts to rest for an audacity of hope* (Om spoke te begrawe, vir 'n waagmoed van hoop). Ek is nie heeltemal seker wie die spoke is nie.

Verder is daar voorgestel dat die titel vir my toespraak moontlik kan wees: *Gemartel, getraumatiseer maar nie gebroke nie: die Suid-Afrikaanse gees en visie van hoop.*

Die vraag wat ek my afvra is: Wat is God se droom vir Stellenbosch, God se droom vir Suid-Afrika? Wat sal daardie droom laat waar word?

Wat is u droom vir Stellenbosch? Na watter soort universiteit wil u hê moet u kinders en kleinkinders kom? Vir dié van u wat Stellenbosch u tuiste gemaak het, miskien al vir baie generasies – wat is u visie vir hierdie dorp? Loop u gevaar om in vertwyfeling te verval of is u vol hoop? Of wissel dit deur die loop van die dag? Neem u vandag stappe om u drome te laat waar word?

Hoe laat is dit nou in Suid-Afrika, vyftien jaar ná die geboorte van demokrasie en byna150 jaar ná die geboorte van dié universiteit?

Daar is baie om oor neerslagtig te voel – minstens as u net die dieet volg wat deur ons media verskaf word, en selfs net die diskoers wat by sommige van ons etenstafels opgedis word.

Daar is 'n klein dorpie, Harnosand, in die noorde van Swede wat ek enkele jare gelede besoek het. Ek was om vyf minute voor middernag op 5 Desember daar. Al was die temperatuur onder nul grade was daar 'n groot multikulturele fees wat van die middel van die dag tot middernag geduur het.

'n Paar jaar tevore het Harnosand 'n reputasie gehad as 'n baie rassistiese dorp. Daar was 'n klein vlugtelinggemeenskap. Wens die heersende xenofobiese en rassistiese houdings het min mense met die vlugtelinge gemeng. 'n Jong vrou, Sara Wallin, was 'n uitsondering. Sy het met die vlugtelinge vriende gemaak – maar die tragedie was dat een van hulle geestelik versteurd was en Sara vermoor het.

Die dorpie was op 'n naaldpunt – reg om te ontplof. Maar al was Sara se pa, Stig, diep bedroef oor sy geliefde dogter het hy besluit om die *"5 voor 12 Beweging"* te stig. Sy gevolgtrekking was met ander woorde dat ons tyd amper verstreke is en dat dit nou vyf minute voor middernag is. Hy het besluit om dié beweging in sy gemeenskap te begin.

Die eerste stap was om informele ruimtes te skep waar die ou en nuwer Swede mekaar as mense kon ontmoet. Hulle sou een keer 'n jaar 'n kultuur- en musiekfees hou om hul diversiteit te vier. Stig was nie 'n volstruis nie en ook nie naïef nie. Hy het die realiteit in die gesig gestaar – maar ook gesê *"Maar... nietemin"* – en nou is Harnosand bekend as 'n diverse dorp, inklusief van almal wat daar woon.

Is dit nie God se wil vir Stellenbosch nie?

Dit was 'n baie donker dag in ons land se geskiedenis toe die sluipmoord op Chris Hani gepleeg is. As nasie was ons miskien nog nooit só kwaad as op daardie dag nie. Ons het gewankel aan die rand van burgeroorlog – en sommige sou selfs sê rasse-oorlog.

Nelson Mandela was nog nie president nie, maar hy is die een wat uitgebring is om met die nasie te praat. Hy het gesê dit is waar dat dié geliefde leier deur wit mense vermoor is, *"maar... nietemin"* was dit 'n wit egpaar wat tot die inhegtenisneming van die skuldiges gelei het. Eerder as dat almal mekaar doodmaak, is daar ooreengekom op 'n verkiesingsdatum en het ons voortbeweeg na ons eerste demokratiese verkiesing.

Een van my gunsteling-organisasies is 'n baie klein een, *9/11 Families for Peaceful Tomorrows*. 'n Groepie mense wat gesinslede in die aaklige gebeure van 11 September 2001 verloor het, het ondanks oproepe om oorlog en wraak gesê: *"Maar... nietemin"* glo ons nie in wraak nie. Julle mág nie oorlog voer in die naam van ons geliefdes nie. Julle kan die skuldiges voor die gereg bring sonder om vir andere onmeetbare lyding te veroorsaak.

In 1992 het ek ná 16 jaar in Lesotho en Zimbabwe teruggekom Suid-Afrika toe. Die eerste ding wat my met my terugkoms opgeval het, was dat ons 'n beskadigde nasie is – beskadig in ons menslikheid, beskadig deur wat ons gedoen het, deur wat aan ons gedoen is, deur wat ons versuim het om te doen. En ons het elkeen 'n storie gehad om te vertel. Ons het almal ons diep gevoelens binne-in ons gehad – waarvan party giftig was – oor wat ons ervaar het.

As ons een nasie wou word wat in vrede en harmonie kon saamleef, sou ons na mekaar se stories moes luister. Van ons het begin om veilige en heilige plekke te skep waar ons kon praat en met die hart na dié van ander kon luister – plekke waar ons die gif wat ons harte gevul het, kon uitbraak.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie het ons almal 'n geleentheid gebied om na mekaar se pyn te luister. Die tragedie is egter dat baie wit mense, veral Afrikaners, gevoel het hulle word aangeval, en weggekyk het.

Ek het self in Kimberley se stadsaal voor die Waarheids- en Versoeningskommissie getuig – met meer as duisend mense daar, maar nie 'n enkele wit persoon nie. Dit was 'n geleentheid wat verlore gegaan het – dit kon 'n tyd gewees het waarin ons nader aan mekaar kon gereis het.

Vir enkeles wás dit so – moontlik selfs vir sommige van julle wat vandag hier teenwoordig is. 'n Onder die oë sien van wat ons aan mekaar gedoen het – wat mense vir ewig verander het.



Vader Michael Lapsley en raadsheer Patrick Swartz

Ja, selfs 'n bose stelsel, *"maar... nietemin"* het ons elkeen die vermoë om terselfdertyd 'n skuldige en 'n slagoffer te wees.

Kort nadat demokrasie hier gebore is, is ek genooi om by 'n seminaar in Kaapstad se noordelike voorstede te praat. Ek is daar aangespreek omdat ek oor die tydperk tussen 1948 en 1994 gepraat het. Ek is daaraan herinner dat *"ons* vanaf 1899 tot 1902 die slagoffers was, en dat *ons* nou weer die slagoffers is. Moet asseblief nie die kwessies verwar en van ons as skuldiges praat nie."

In my ervaring is baie van ons baie seker oor die maniere waarop ons slagoffers is, maar baie vaag oor die maniere waarop ons skuldiges is. Wanneer ek myself as skuldige onder die oë sien, moet ek die skuld en skaamte hanteer – ontkenning word 'n aanloklike opsie.

> Suid-Afrika benodig 'n nuwe geslag van leiers wat elke ons van hul vermoëns sal gebruik om armoede te beveg

Wil ons die verlede begrawe en vergeet, of wil ons dit onthou en gesond word?

Sommige het die vraag gevra of Suid-Afrika se geskiedenis anders sou gewees het as daar 'n WVK aan die einde van die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902 was – as ons die waarheid onder die oë kon sien van wat ons nie net aan die Afrikaners nie, maar ook aan die tallose swart mense, gedoen het.

Dit is natuurlik nie ver genoeg in die verlede in nie. Het ons werklik onder die oë gesien wat slawerny aan ons gedoen het? Sommige mense begin nou kyk na hoe gemeenskappe in die Wes-Kaap ononderbroke deur die eeue heen sinlose geweld ervaar het. Wat kan dit vir Stellenbosch beteken om waarlik onder die oë te sien dat dit 'n dorp en 'n ekonomie is wat deur slawe gebou is?

Hoofman [Albert] Luthuli het een keer gesê dat dié wat aan hulleself as slagoffers dink, uiteindelik dié word wat onreg aan ander doen. Mense gee hulleself toestemming om onreg aan ander te doen oor wat aan hulleself gedoen is. Dít is waar van individue, gemeenskappe en nasies.

*"Maar....nietemin"* is daar 'n ander pad voor ons oop – die pad van slagoffer, oorlewende, oorwinnaar. Van reis verbý wat aan ons gedoen is, verbý eenvoudig oorlewendes wees, om deelnemers te word in die skepping van 'n ander soort samelewing.

Ek weet in my geval het God my gehelp, deur die gebede en liefde van baie, baie mense, om te besef dat as ek met woede, haat en 'n begeerte vir wraak gevul was, ek vir altyd 'n slagoffer sou wees – hulle sou gefaal het in die poging om die liggaam dood te maak, maar hulle sou die siel verwoes het.

Wat is dit wat sommige mense in staat stel om as individue, samelewings of nasies van slagofferskap af weg te beweeg? Ons het kennis én erkenning nodig.

Dié wat geviktimiseer is, benodig openbare erkenning dat wat aan hulle gedoen was, verkeerd is. En diegene wat aaklige dinge aan ander gedoen het én hulle wat deur sulke dade bevoordeel is, moet eerlik kan sê hulle is jammer.

Die gemeenskap van slagoffers hou soms vas aan die nagedagtenis van wat gebeur het, terwyl dié wat bevoordeel is, en veral hul nageslag, salig onbewus bly van wat gebeur het.

In my geboortewêreld, Aotearoa, Nieu-Seeland, was daar 'n koloniale verbintenis met Samoa. Toe ek daar grootgeword en skoolgegaan het, het ek niks hiervan, of van die slegte dinge wat gebeur het, geweet nie. Enkele jare gelede het die Nieu-Seelandse premier, Helen Clark, vir Onafhanklikheidsvieringe daarheen gegaan en onomwonde verskoning aangebied deur namens haar nasie te sê: "Ek is jammer."

Dit is natuurlik nooit genoeg om eenvoudig te sê ons is jammer nie, al kan dit 'n goeie begin wees. As ek jou fiets sou steel, help dit as ek sê ek is jammer maar ek gee nie die fiets terug nie? As ons in vrede wil saamleef, is heelmaak en teruggawe nie opsionele ekstras nie.

Ons het vandag hier bymekaargekom – verskeie generasies saam in dié saal. Wat gaan toekomstige generasies van ons sê? Sal hulle ons vervloek omdat ons soos volstruise opgetree het – besig met agterhoedegevegte om die oorheersing van ons taal en kultuur te verseker?

Sommige van ons het tot die dood toe geveg om apartheid óf te bewaar óf dit te beëindig. Sommige van ons het niks gedoen nie – en sommige het gely en voordeel getrek, hoewel nie altyd in gelyke mate nie.

Wat sê ons vir ons kinders? Verwar ons stilte hulle – of vertel ons vir hulle stories wat gevul is met gif oor "hulle" omdat ons nie bereid is om ons eie duiwels uit te dryf nie?

Verskeie jare gelede is ek genooi na 'n blommeskou met die tema rekonsiliasie wat hier op Stellenbosch in 'n kerk in die middedorp gehou is. Soveel skoonheid – bruin en swart mense wat die kerk vul, maar met skaars 'n wit gesig te sien – genooi, maar min het gekom. Ek bid dat dit nie meer so is nie.

Ons is almal gevorm deur wat met ons ouers en grootouers gebeur het.

Wat van dié onder julle – die jong mense van vandag – leiers van vandag en môre? Julle het geen rede om mekaar dood te maak soos ons gedoen het nie – maar leef julle in sielkundige ghetto's wat ou vooroordele en oudmodiese tradisies voortbring, gebaseer op vrees en onkunde?

Of is julle bereid om te werk aan die skep van nuwe identiteite – as Suid-Afrikaners, as Suider-Afrikaners, as Afrikane, as mense – om ons diversiteit van rasse en gelowe, genders en seksuele oriëntasies te vier en te omhels, insluitend, en sonder vooroordeel, dié wat tweeslagtig is – om te vier dat ons volledig leef?

In 1976 het 'n geslag jong mens opgestaan om politieke bevryding te bespoedig. Suid-Afrika benodig 'n nuwe geslag van leiers wat elke ons van hul vermoëns sal gebruik om armoede te beveg en aan te dring dat rykdomskepping en -verspreiding hand aan hand moet geskied – leiers wat woedend sal wees oor obsene rykdom te midde van vernederende armoede.

Vandag se nuwe Suid-Afrika moedig by ons as mense begerigheid aan – baie van ons jongste bondel verkose politici ding met mekaar mee om so veel as moontlik bymekaar te maak. Die massas se geduld word daagliks minder.

In Suid-Afrika, of in die wêreld, gaan daar nooit vrede wees voordat ons samelewings bou waar die gaping tussen die rykstes en die armstes by die dag kleiner word nie.

Ons Suid-Afrikaners is te lank al 'n Goeie Vrydag-nasie wat mekaar kruisig. God nooi ons om Paasdagmense te wees, wat die wonder van die verlede herken en erken terwyl ons toelaat dat ons God se instrumente is in die bou van 'n regverdige en barmhartige samelewing.

As ons die verlede onder die oë kan sien én dit kan erken, sal die spoke verdwyn. Dan sal ons die toekoms met die waagmoed van hoop kan omhels.

Die briefbom wat ek in 1990 ontvang het, was nie veronderstel om my te beseer nie. Dit was veronderstel om my dood te maak. Sommige van ons moet oorleef om ons almal te herinner aan wat ons aan mekaar gedoen het, en aan die gevolge daarvan waarmee baie van ons nou nog leef.

*"Maar... nietemin"* – en nóg belangriker hoop en bid ek, dat ek dalk op 'n klein maar betekenisvolle manier vir u 'n teken kan wees dat die krag van saggeaardheid, van vriendelikheid, van geregtigheid, van lewe, van God, sterker is as die bose en haat en die dood.

> "Hoewel die dak die huis voltooi, maak dit nog nie daarvan 'n tuiste nie! Sosiale samehorigheid is dus die gom wat die mense bind sodat hulle almal dieselfde plek hulle tuiste kan noem. Hierdie tuiste is waar hulle warmte, liefde, rampe, uitdagings, verliese en vreugde kan deel."

# Sosiale samehorigheid maak 'n huis 'n tuiste



PROF RUSSEL BOTMAN is Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch . Hy het onder meer gedien as uitvoerende voorsitter van die Ekumeniese Stigting van SA, asook navorsingsviseur vir die Wêreld-Alliansie van Gereformeerde Kerke se hoofsekretaris. Voor sy aanstelling by die US was hy 'n teologiedosent by die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) waar hy sy doktorsgraad behaal het. Hy het die US se Beyers Naudé Sentrum vir Openbare Teologie gestig. Die stad Milwaukee in die VSA het hom as kampvegter vir geregtigheid en menslikheid vereer.

Ons is nog ver van 'n samehorige samelewing, hoe betreurenswaardig dit ook al kan wees. Dit is bloot nodig om deur die koerante te blaai om te besef Suid-Afrika het wegbeweeg van die wonderwerk van 1994 na 'n samelewing wat 'n wonderwerk nodig het vir ons demokrasie om te oorleef en te bloei.

My bedoeling is nie om nadruk op die verlede te lê nie, maar ek glo dit is baie belangrik om te erken (in die woorde van historici) dat ons 'n toekoms net op ons verlede kan bou. Ons kan net vooruit beweeg as ons weet waarvandaan ons kom. Die probleem is egter dat ons verlede nie 'n oop boek is wat as 'n padkaart na die toekoms gebruik kan word nie. Ek gebruik die woord "bou" want om aan sosiale samehorigheid te werk, is soos om 'n huis te bou. Daarvoor moet jy eers in die grond grawe. Dan besef jy jy moet 'n fondament in die onvolmaakte sloot lê.

Met die WVK het ons dít gedoen. Soos die Waarheids- en Versoeningskommissie in sy verslag gesê het: "The past , it has been said, is another country. The way its stories are told and the way they are heard changes as the years go by. The spotlight gyrates, exposing old lies and illuminating new truths. As a fuller picture emerges, a new piece of the jigsaw puzzle of our past settles into place.

"The report of the Commission will now take its place in the historical landscape of which future generations will try to make sense – searching for the clues that lead, endlessly, to a truth that will, in the very nature of things, never be fully revealed."

Ten beste probeer ons dus om 'n nuwe Suid-Afrika te bou op die onvolmaakte waarheid en 'n onvolledige beeld van ons verlede. Dit is dus nie die beste vore om in te werk in 'n poging om eenheid en een nasieskap te bou nie. Die eerste vyftien jaar van vryheid en bevryding in ons land was baie wankelrig.

Daar is volop probleme op alle terreine en in alle sfere van die samelewing. Die rede? Sommige onder ons maak 'n fundamentele fout: hulle hou aan soek na die perfekte waarheid oor ons verlede, wat uit die aard van dinge, soos die WVK uitgewys het, nooit volledig geopenbaar sal word nie. Ons doen dus die tweede beste ding – ons werk met halwe waarhede.

Vandag, ná vyftien jaar van demokrasie, worstel ons nog steeds om die ware wese van vryheid en bevryding te begryp. Ons maak aanspraak op vryheid maar slaan min ag op aanspreeklikheid; op ons konstitusionele regte, maar sonder om die verantwoordelikheid wat daarmee saamkom, te oorweeg; en enige gedagte aan kritiese burgerskap word in die wiele gery deur onverdraagsaamheid jeens die regte en vryhede van ander.

Om aan sosiale samehorigheid te werk, vereis veel meer as 'n volmaakte en soliede fondament. Gelukkig het ons so iets in ons liberale en progressiewe Grondwet en ons Handves van Menseregte. Dit herinner ons daaraan dat geen reg absoluut en geen vryheid onbeperk is nie, en dat ons ons regte net kan uitleef as ons vir ander presies dieselfde regte, vryhede en voorregte gun as wat ons vir onsself eis.

Uit die onvolmaakte slote het ons 'n soliede fondament in die Grondwet en Handves van Menseregte. Dit is dan ook die basis van ons gesamentlike en gedeelde toekoms – iets waarvoor ek en u moet leer om op te staan, al is die owerhede teen so 'n standpunt.

Ons het die onvolmaakte slote gegrawe, die soliede fondament gelê vir ons Grondwet en die Handves van Menseregte. Nou bou ons die huis, maar dit het om een of ander rede geen karakter nie. Die mure is leeg en die atmosfeer in die kamers spreek van skelheid en wanhoop. Wat kort is die warmte van gedeelde waardes.

In 'n studie deur prof Hennie Kotzé en me Cindy Lee Steenekamp van die Sentrum vir Internasionale en Vergelykende Politiek by ons Universiteit, wat in Februarie vanjaar gepubliseer is – *Values and Democracy in South Africa: Comparing Elite and Public Values* ("Waardes en Demokrasie in Suid-Afrika: 'n vergelyking van elite- en openbare waardes") – het die navorsers kennis geneem van opvallende verskille in die vlakke van verdraagsaamheid en vertroue in ons samelewing.

Dié twee waardes is voorvereistes vir die oorlewing van ons jong demokrasie. Dit skep 'n interessante beeld. Want soms loop die waardes saam en ander kere skei hulle.

Kom ons begin met verdraagsaamheid: Dit is 'n noodsaaklike bestanddeel van demokratiese politiek. Dit is veral belangrik in 'n land soos Suid-Afrika met sy diep sosiale skeidings, waar (in JL Gibson se woorde) demokrasie die risiko loop om meerderheidstirannieë te word.

Meer spesifiek is politieke verdraagsaamheid 'n instrument wat help om 'n stabiele demokratiese regime te onderhou. Volgens die politieke wetenskaplike prof Amanda Gouws hou politieke verdraagsaamheid direk verband met hoe bereid mense is om hul teenstanders te verdra.

Dit behels die bereidheid om maatskaplike vryhede aan teenstanders uit te brei. Dit impliseer geordende regverdigheid – 'n verbintenis aan die reëls van die spel en 'n bereidwilligheid om dit eweredig toe te pas. Verdraagsaamheid, sê sy, is die bereidwilligheid om vryhede uit te brei na hulle wat anders is – en mag ek byvoeg, hulle wat anders praat oor verskillende goed, wat verskillende goed besit en wat verskillende behoeftes het.

Maar verdraagsaamheid hou konsekwent ook verband met opvattings oor bedreiging. Met ander woorde, "hoe groter die waargenome bedreiging deur ander, hoe groter is die kans dat iemand teenoor daardie groep onverdraagsaam gaan wees".

Die studie toon hoë vlakke van onverdraagsaamheid onder meningleiers én die breë publiek teenoor groepe "buitestanders" soos immigrante of buitelandse werkers... en belangwekkend is dat hulle neig om saam te stem dat "as werk skaars is, moet werkgewers voorkeur gee aan Suid-Afrikaners bo immigrante ('n vrees wat moontlik verband hou met 'n verlies van ekonomiese geleenthede)".

Betekenisvolle vlakke van onverdraagsaamheid is ook bemerk by die breë publiek teenoor mense van ander gelowe of ander rasse as bure, of teenoor iemand met MIV wat langs hulle woon.

Alles is egter nie net donker en somber nie. Wat wel opvallend is, is dat die breë publiek in 2009, in vergelyking met 'n studie wat in 2001 gedoen is, baie meer verdraagsaam was teenoor diegene met 'n ander geloof en dié wat met MIV leef; en net so is daar groter verdraagsaamheid as in 2006 teenoor iemand van 'n ander ras.

> "Om aan sosiale samehorigheid te werk, vereis veel meer as 'n volmaakte en soliede fondament. Gelukkig het ons so iets in ons liberale en progressiewe Grondwet en ons Handves van Menseregte. Dit herinner ons daaraan dat geen reg absoluut en geen vryheid onbeperk is nie, en dat ons ons regte net kan uitleef as ons vir ander presies dieselfde regte, vryhede en voorregte gun as wat ons vir onsself eis."

Die studie het vinnig dalende vlakke van onverdraagsaamheid onder die breë publiek sedert 2001 gevind, wat 'n bemoedigende teken vir sosiale samehorigheid is.

Wat dit sê, is dat ons op pad is, maar nog nie aangekom het nie. Dit blyk asof onverdraagsaamheid besig is om te verminder, maar ons het nog ver om te gaan wat politieke verdraagsaamheid betref.

Kom ons gee nou aandag aan vlakke van vertroue soos uiteengesit deur dié navorsingsprojek.

Vertroue is 'n belangrike aspek van 'n demokrasie want mense "regeer nie direk nie maar deur hulle vertroue te belê by verteenwoordigers en instansies wat verantwoordelikheid dra om die mense se belange en voorkeure saam te stel".

Die studie toon dat al het die meningleiers van verskillende sektore hoë vlakke van vertroue getoon oor 'n paar veranderlikes – soos vertroue in hul gesinslede en in mense van ander nasionaliteite of godsdiensgroepe – het die breë publiek baie laer vlakke van vertroue getoon as die leiers. Minder as 50% vertrou mense van 'n ander nasionaliteit "baie of hoegenaamd". Meer as die helfte van die bevolking (50,7%) het aangetoon dat hulle nie mense van 'n ander ras "baie of hoegenaamd" vertroue nie.

Dis kommerwekkend, het dié navorsers opgemerk, dat die publiek ná vyftien jaar van demokratiese regering steeds meer vertroue het in mense van 'n ander nasionaliteit as in mense van 'n ander ras. "Ek is dus meer verdraagsaam teenoor jou soort, maar ek vertrou jou nog nie".

Die studie veronderstel dat 'n "minimale vorm van vertroue nodig is voor verdraagsaamheid moontlik is, dat verdraagsaamheid 'n groter vorm van vertroue makliker maak, en dat groter vertroue kan lei tot 'n meer robuuste vorm van verdraagsaamheid. Om gevestig te word, moet vertroue en verdraagsaamheid in 'n *deugsame* siklus op mekaar voed".

Dit spreek vanself dat ons almal harder sal moet werk om weer verdraagsaamheid en vertroue onder al ons mense en gemeenskappe te bewerkstellig, bo-oor die grense van klas, ras, geloof en nasionaliteit.

Wat nou nodig is, is 'n volgehoue en doelbewuste poging om brûe in ander gemeenskappe in te bou; om vreemde "anderes" in te nooi, om die hindernisse van rassestereotipes en -vooroordele af te breek; en om maniere te ontdek van dinge saam doen tot voordeel van die gemene beswil. Net deur dié oorbrugging kan ons begin om 'n nuwe en soliede fondament te lê vir die sosiaal samehorige samelewing wat ons die afgelope vyftien jaar het ontwyk het.

Maar, om by my beeldspraak aan te sluit, het elke huis 'n dak nodig. En dít word verskaf deur die vertroue in ons instansies.

Instansies soos die regstelsel, polisie en staatsdiens se prestasie en doeltreffendheid is van die uiterste belang om die idee van 'n regering vir die mense te demonstreer – gebaseer op regverdigheid, geregtigheid en gelykheid.

Presteer dié instansies nie, en/of toon hulle enige aanduiding van politieke vooroordeel, sal dit natuurlik verdeeldheid en wantroue aanstook. Die implikasie hiervan vir sosiale samehorigheid is duidelik en ek dink nie dit is nodig om hierop voort te borduur nie.

Al voltooi die dak die huis, maak dit nog nie daarvan 'n tuiste nie! Sosiale samehorigheid omskep die huis in 'n tuiste. Sosiale samehorigheid is dus die gom wat die mense saambind sodat hulle almal dieselfde plek hul tuiste kan noem. Dié tuiste is waar hulle warmte, liefde, rampe, uitdagings, verliese en vreugde kan deel.

Die Grondwet sê Suid-Afrika is ons huis. Die vraag is, hoe omskep ons dit tot ons tuiste? Ons uitdaging in hoër onderwys is om navorsing te doen oor die sterkte van die gom wat ons as 'n familie saambind en dié huis 'n tuiste vir ons almal maak – 'n tuiste met karakter.

Nie lank terug nie het ons voormalige president, mnr Thabo Mbeki, gepraat van 'n land met twee nasies – een wit en ryk en die ander swart en arm. Ek dink hy was verkeerd, soos aartsbiskop Desmond Tutu in die eerste volume van die WVK-verslag uitgewys het: "The past is another country" (Die verlede is 'n ander land). En Allistair Sparks praat in sy boek van *Tomorrow is another country* ("Môre is 'n ander land"). In wese is ons dus vasgevang tussen die land van die verlede en die land van die toekoms – twee heeltemal verskillende lande.

As ons as 'n samelewing kan regkry om te leer om ons swaar verdiende demokrasie te leef – deur vlakke van verdraagsaamheid en vertroue onder ons mense te bou en deur vertroue in ons instansies te herbevestig – lê ons 'n stabiele fondament vir 'n meer samehorige samelewing en kan ons saam stap na 'n nuwe horison van hoop, na die land van môre wat wink.

Om die beeld te voltooi, het ons net die Opvoeding- en Kerksektore ook nodig om dié pogings te versterk deur morele en etiese leiers voort te bring – die soort leiers wat so gepas beskryf word in 'n gedig deur William Ayot, met die naam *The Contract: a Word from the Led*:

*And in the end we will follow them*
*Not because we are paid,*
*Not because we see some advantage,*
*Not because of the things they have accomplished,*
*Not even because of the dreams they dream,*
*But, simply because of who they are;*
*The man, the woman, the leader, the boss ...*
*Standing up there when the waves hit the rock,*
*Passing our faith and confidence like life jackets,*
*Knowing the currents, holding the doubts,*
*Imagining the delights and terror of every landfall:*
*Captain, pirate and parent, by turns,*
*The bearer of our countless hopes and expectations,*
*We give them our trust*
*We give them our effort,*
*What we ask in return, is that they stay true.*